LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 8/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Hardkoppigheid

Salomo skryf in Psalm 127: 1-2, "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap." Ons het die jaar begin met baie nuwe voornemens, hopelik kan ons na die eerste twee maande vir onsself sê, ons is op koers. Dit wat ons beplan het, is goed op dreef. Dit kan ook wees dat ons na twee maande moet erken ons kaarthuis is besig om uitmekaar te val en dit waaraan ons ons tyd wy gaan tot niet. Die belangrike vraag wat ons onself moet afvra, het ons hierdie voor God se voete eers gelê? "As die Here die huis nie bou nie." Ons sal werk en werk en nooit regtig geluk vind nie. "Vir die wat die Here liefhet, gee die Here dit in hulle slaap." Hoe lank gaan ons nog hardkoppig wees en nie hierdie wysheid van Salomo ons eie maak nie?

## Goegieland – Waarom is selfstandigheid belangrik

Selfstandigheid is 'n belangrike vaardigheid wat kinders van kleuterouderdom af moet aanleer. Dit help hulle om selfvertroue te ontwikkel, probleme op te los en suksesvol te wees in hul toekomstige leerervarings. Kleuters wat selfstandig is, kan take op hul eie voltooi, self besluite neem en beter aanpas by nuwe situasies.

**1. Ontwikkeling van selfvertroue**

Wanneer kinders klein take op hul eie voltooi, soos om hul eie skoene aan te trek of hul speelgoed op te tel, voel hulle trots en bekwaam. Dit bou hul selfvertroue en motiveer hulle om nuwe uitdagings aan te pak.

**2. Bevordering van probleemoplossingsvaardighede**

Onafhanklike kinders leer hoe om probleme op hul eie op te los. Byvoorbeeld, as hulle sukkel om hul rits toe te maak, kan hulle verskillende maniere probeer voordat hulle hulp vra. Hierdie vaardigheid is noodsaaklik vir akademiese en persoonlike groei.

**3. Ontwikkeling van verantwoordelikheid**

As kinders leer om eenvoudige take te voltooi, soos om hul tande te borsel of hul skooltas reg te pak, ontwikkel hulle 'n gevoel van verantwoordelikheid. Dit help hulle om later take soos huiswerk en take in die klaskamer beter te hanteer.

**4. Verbetering van sosiale vaardighede**

Onafhanklike kinders kommunikeer beter en leer hoe om met ander saam te werk. Hulle leer ook hoe om geduldig te wees, vir hul beurt te wag en hul eie emosies te bestuur sonder om afhanklik van volwassenes te wees.

**Hoe kan ouers en onderwysers onafhanklikheid aanmoedig?**

- Gee kinders klein take: Laat hulle eenvoudige dinge doen, soos om hul eie klere te kies of hul bord in die kombuis te sit na ete.
- Moedig selfstandige besluitneming aan: Gee hulle keuses, soos watter speelding hulle wil gebruik of watter boek hulle wil lees.
- Wees geduldig: Dit kan langer neem vir 'n kind om self iets te doen, maar moedig hulle aan om aan te hou probeer.
- Prys pogings, nie net sukses: Wys waardering vir hul pogings, selfs al maak hulle foute.

Wanneer kinders van kleins af onafhanklikheid ontwikkel, help dit hulle om sterker, selfversekerder en meer verantwoordelik te word. Dit berei hulle voor vir sukses in die skool en in die lewe.

## Week se Program

### 11 Maart 2025

- Rugby vs LS Secunda (weg)

### 12 Maart 2025

- Redenaars Hoëveldgroep

### 13 Maart 2025

- Toets: Wiskunde

### 14 Maart 2025

- Netbal te LS JJ vd Merwe
- Rugby te LS JJ vd Merwe

### 15 Maart 2025

- Dans vs LS Secunda

### 14 & 15 Maart 2025

- Redenaars Super 12



Die Skakel!

Kosmos 3-in-1

## Kosmos 3-in-1 Bergfiets

3 wedrenne, 1 epic dag! Ry. Oorwin. Herhaal. Is jy gereed om jou grense te skuif? 15 Maart 2025 - 3 wedrenne, kosstalletjies en groot pret vir die hele gesin. Registreer nou en verseker jou plek by die beste bergfietswedren. Moenie uitmis nie!

## Markdag – Gr. 1, 4 & 5

Graad 1, 4 en 5 - Onthou om jou stalletjie te bespreek by die graadleier. Skrywe rondom die Markdag het op Donderdag, 6 Maart 2025 uitgegaan. Sluitingsdatum vir die bespreking van die stalletjies is 20 Maart 2025.

## Netbal

Ons netbalspanne het Donderdag in vriendskaplike wedstryde teen LS Jan van Riebeeck meegeding. Die spelers het dit baie geniet. Die gees langs die baan was fantasties. Baie geluk aan die o/13A-netbalspan met hul welverdiende oorwinning! Die o/11A-span het 'n spannende gelykopstryd gespeel - mooi so! Sterkte aan al ons spanne vir Saterdag, 8 Maart 2025 se wedstryde by LS Wierdapark. Ons sien uit na 'n dag vol kwaliteit netbal op die baan.

## Rugby

Uitslae vs Jan van Riebeeck, Donderdag 6 Maart 2025.

| | | |
|---|---|---|
| o/9 | 5-20 | verloor |
| o/10 | 5-29 | verloor |
| o/11 | 52-0 | wen |
| 2de | 31-10 | verloor |
| 1ste | 0-8 | verloor |










| 10 Mrt | 11 Mrt | 12 Mrt | 13 Mrt | 14 Mrt | 15 Mrt | 16 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Miané Murphy<br>Kegan Meyer | Chanel Minnie<br>Adam Janssen<br>Tristan Naudé<br>Brandon Small<br>Keagan Benade | Gert vd Merwe<br>Luhandré Cronjé<br>Juwian vd Merwe | Liané Visser<br>Stian Storm<br>Zanduray Spruew<br>Donné Pretorius<br>Angelique Ferreira<br>Louis du Plessis | Christiaan Hattingh<br>JJ Symington<br>Dawid Momberg | Ewaldt Toerien<br>Stephen Mouton<br>Bailey Berry | Gerald de Kocks |

## Rainbow Rush

Begin solank die strekoefeninge. Pomp die stootwaentjie se wiele... Die RAINBOW RUSH is om die draai!!! Bring die familie, bure of selfs kollegas en kom geniet die 3km se loop, kruip of hardloop voor jy die Kosmos 3-in-1 of selfs die comrades wil aanpak! Indien jy nie seker is nie:
Datum: 26 Maart 2025
Waar: Laerskool Goedehoop
En die belangrikste stap...Hoe skryf ek in?
Volg die skakel en 'Bobs your Uncle'... Jy is ingeskryf! Moenie 'n stoelpatat wees nie.... Jy gaan uitmis!!!!




## Die Skakel!

**Rainbow Rush**

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**